

Hoofstuk: 1 Paragraaf: 5.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Die oorsaak of skuld van daardie ongelooft, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens.	1	<p>Hebreërs 4:6</p> <p>Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling — vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.</p>	<p>Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om in sy rus in te gaan.</p> <p>Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword" en: "'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp." Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.</p>
	2	<p>Efesiërs 2:8</p> <p>Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;</p>	<p>Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.</p>
ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo.	3	<p>Filippense 1:29</p> <p>omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,</p>	<p>God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.</p>